



INFRASTRUKTUUR-BESTUURSBELEID

Verwysingsnommer	5P/5.1
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
Beleideienaar	Hoofdirekteur Fasiliteite
Verantwoordelike afdeling	Fasiliteite en ITS
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	21 November 2019
Wysigings	N.v.t.
Datum van wysigings	Hersien in 2019
Hersieningsdatum	2022
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/govman/policy/index.html
Adres op die beleid-databasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad November 2019\5P-5.1_infrastructure_a

INFRASTRUKTUUR-BESTUURSBELEID

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 21 November 2019 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met:

- 1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 of 1993, en alle regulasies ingevolge daarvan;
- 1.4 die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999, en alle regulasies ingevolge daarvan;
- 1.5 die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 103 van 1977, en alle regulasies ingevolge daarvan;
- 1.6 die Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017) ("die Statuut");
- 1.7 daar moet voldoen word aan alle infrastruktuur-verwante beleide van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, insluitende die *Ruimte- en Kostenorme vir Geboue en ander Grondverbeterings, die Beleid oor die Minimum Norme en Standaarde vir Studentebehuising by Openbare Universiteite en die Universiteit se Makro-infrastruktuurraamwerk (MIR)*;
- 1.8 toepaslike Plaaslike Regering-regulasies, en
- 1.9 alle ander verwante beleide van die NWU.

2 Woordomskrywing

In hierdie beleid verwys die term "infrastruktuur" na onroerende bates wat verkry of gebou word of wat voortspruit uit konstruksie-bedrywighede; dit sluit roerende goedere in wat nie onafhanklik van spesiaal geboude onroerende bates kan funksioneer nie, en inligtings- en kommunikasietegnologie-infrastruktuur (IKT-infrastruktuur) soos gedefinieer in die Universiteit se beleide met betrekking tot IKT.

3 Beleidsverklaring

- 3.1 Infrastruktuurbestuur moet daarna streef om die huidige en ontluikende infrastruktuur van die Universiteit op 'n doeltreffende, effektiewe, ekonomiese en volhoubare wyse te benut.
- 3.2 Infrastruktuurbestuur moet die volledige lewensiklus van die bates in ag neem, van die identifisering van 'n infrastruktuurbehoefte tot die finale uitbedryfstelling of wegdoening daarvan.

4 Goedkeuring van Infrastruktuurbeplanning

- 4.1 Die visekanselier moet jaarliks 'n bygewerkte driejaar-afleweringsplan indien vir alle infrastruktuur soos gedefinieer in paragraaf 2, nuut voorgestelde infrastruktuurraamwerkooreenkomste, en 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir goedkeuring deur die Raad, via die betrokke subkomitees.
- 4.2 Die planne, ooreenkomste en raamwerk soos bedoel in 4.1 moet handel oor –
 - verkryging of installering van nuwe infrastruktuur,
 - die bedryf, instandhouding, opknapping en rehabilitasie van bestaande infrastruktuur, en
 - die wegdoening van infrastruktuur wat nie langer nodig is om die Universiteit se doelstellings te bereik nie.

5 Beplanningsbeginsels

- 5.1 Die volgende beplanningsbeginsels moet toegepas word op infrastruktuurbestuur:

- gelykheid van toegang tot 'n breedweg ekwivalente stel fasiliteite op kampusse en 'n netwerk van gedeelde geriewe wat toeganklik is vir alle studente en werknemers oor kampusse heen;
- die prioritisering van projekte vir die ontwikkeling van nuwe infrastruktuur en die opknapping of vervanging van bestaande infrastruktuur moet gebaseer word op 'n behoefteontleding wat berus op faktore soos beleide, norme en standaarde, toestandevalueerings, funksionele prestasie, studente-inskrywingstendense, huidige en voorspelde vlakke van optimering en die teëwerk van hoë risiko's met betrekking tot kritieke infrastruktuur;
- die groepering van projekte in programme om driejaar-kontantvloeiprojeksies moontlik te maak;
- die implementering van projekimplementeringstydlyne;
- die belyning van grootskaalse beplande instandhoudingsprojekte, insluitende uitgestelde instandhoudingsprogramme, met programme vir die heraanwending van huidige infrastruktuur;
- verkryging en oorweging van die verwagtinge en behoeftes van belanghebbendes in die Universiteit;
- die identifisering van gapings tussen die bestaande infrastruktuur en die verlangde infrastruktuur en oorweging van alle moontlike maniere om die gapings te vul, soos die meer doeltreffende gebruikmaking van bestaande infrastruktuur, en
- die voorsiening van infrastruktuur teen die laagste lewensikluskoste, met inagneming van die bedryf en instandhouding van die infrastruktuur ná die konstruksie of installasie daarvan.

5.2 Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk moet 'n langtermyn buigsame visie vir stedelike ontwerp vir kampusse voorsien, wat op die volgende beginsels berus:

- die totstandbrenging van 'n gebalanseerde bewegingsnetwerk wat voorsiening maak vir gelyke toegang tot kampusse deur openbare vervoer, voertuie en niegemotoriseerde vervoer, terwyl voetgangersirkulasie bevorder word;
- voorsiening vir integrasie en interaksie met omliggende gemeenskappe;
- die skep van geskikte, aangename gemeenskaplike plekke vir die informele byeenkoms van studente en werknemers;
- duidelike aanwysings oor grondgebruik om voorsiening te maak vir toekomstige groei en verandering, gebaseer op die elemente van publieke struktuur, d.w.s. groen ruimte, beweging van alle modusse, gedeelde openbare fasiliteite, sportfasiliteite en rekreasie, en
- goeie praktyk ten opsigte van 'n breë spektrum van omgewings- en volhoubaarheidspraktyke.

6 Infrastruktuuroptimering

- 6.1 Infrastruktuur moet doeltreffend gebruik word en gerekonfigureer word indien nodig of, waar prakties, weggedoen word indien dit nie die Universiteit se strategiese doelwitte ondersteun nie, terwyl omgewings-, maatskaplike en ekonomiese impak ook in ag geneem moet word.
- 6.2 Waar moontlik moet daar voldoen word aan veranderings in die vraag na infrastruktuur deur oplossings wat nie die verkryging van nuwe infrastruktuur verg nie, met inagneming van die Universiteit se volle portefeulje deur die maksimalisering en deling van die gebruik van bestaande fasiliteite, of deur dit te rekonfigureer eerder as om nuwe infrastruktuur op te rig.
- 6.3 Kragtens hierdie beleid word alle gebouurimtes en ander infrastruktuur as toewysbare eiendom van die Universiteit beskou, wat onderhewig is aan toewysing en hertoewysing om optimale benutting te verseker.
- 6.4 Die toewysing van enige infrastruktuurruimte impliseer nie permanensie nie, maar is onderhewig aan voortdurende herevaluering en kan, indien dit strategies geregverdig is, hertoegewys word in ooreenstemming met die formeel goedgekeurde norme vir fasiliteitruimte.
- 6.5 Surplusinfrastruktuur mag slegs aan eksterne entiteite uitverhuur word indien 'n formele evaluering bevind dat daar geen interne behoefte aan sodanige infrastruktuur bestaan nie.

7 Infrastruktuur-instandhouding

- 7.1 Infrastrukturele verbeterings aan alle Universiteitseiendomme moet doeltreffend in stand gehou word om bedryfsdoeltreffendheid te ondersteun, om volgehoue gebruik en beroepsgesondheid en veiligheid te verseker, en om lewensikluskoste te minimeer.

- 7.2 'n Geïntegreerde instandhoudingsbenadering, wat onklaarrakingsinstandhouding, voorkomende instandhouding, toestand-gebaseerde instandhouding en makro-instandhoudingsprosesse in 'n enkele instandhoudingsplan saamvat, moet gevolg word om te verseker dat die infrastruktuur van fasiliteite en dienste optimaal in stand gehou word om die agteruitgang van bates te voorkom.
- 7.3 Stelsels en prosesse moet geïmplementeer word vir die prioritering van herstelwerk.
- 7.4 'n Stelsel moet geïmplementeer word vir die hantering van stelselklagtes en om te kan reageer op versoeke van infrastruktuurgebruikers, wat standarde vir redelike reaksietye behoort in te sluit.

8 Risikobestuur

- 8.1 Risiko's met betrekking tot die eienaarskap, gebruik en bedryf van infrastruktuur moet bestuur word deur risiko's te identifiseer, te evalueer en op 'n kostedoeltreffende manier te ondervang.
- 8.2 Kritieke infrastruktuur moet geïdentifiseer word deur gebruikmaking van 'n risikogebaseerde benadering deur assessering van die waarskynlikheid van mislukking sowel as die potensiële impak op die Universiteit se bedrywigheede.

9 Infrastruktuurontwerp

- 9.1 Infrastruktuurontwerpe moet toeganklikheid, energiedoeltreffendheid, waterdoeltreffendheid en volhoubaarheid bevorder.
- 9.2 Ontwerpe moet rekening hou met optimale buigsaamheid van gebruik.

10 Infrastruktuur-batebestuur

- 10.1 Infrastruktuur moet opgeneem word in 'n infrastruktuurbateregister wat tersaaklike inligting moet insluit met betrekking tot eiendomme, fasiliteite en groot aanleg en toerusting.
- 10.2 Periodieke toestandevaluerings van infrastruktuur moet gedoen word. Die resultate daarvan moet vasgelê word in die infrastruktuurbateregister sodat dit as riglyn kan dien vir infrastruktuurplanne en -begrotings.
- 10.3 Tersaaklike inligting moet op rekord geplaas word van alle infrastruktuur wat aan derdeparty-entiteite uitverhuur word, of wat op 'n gereelde basis deur derdeparty-entiteite gebruik word.

11 Infrastruktuurbestuurstelsel

Die implementering en instandhouding van 'n geïntegreerde infrastruktuurbestuurstelsel sal bedryfsdoeltreffendheid verbeter en betroubare, konsekwente en bygewerkte infrastruktuurbestuursinligting verskaf.

12 Toewysing van verantwoordelikhede

- 12.1 Die bestuur van die onderskeie komponente van die Universiteit se infrastruktuur moet opgedra word aan persone wat oor die nodige vaardighede beskik om hierdie beleid te implementeer.
- 12.2 Die Universiteitsbestuur moet die beplanning, bestuur en administrasie van die Universiteit se infrastruktuur aan gespesialiseerde komitees opdra om aksies te inisieer, goed te keur en daarvoor toesig te hou wat nodig mag wees vir die progressiewe implementering van hierdie beleid soos beoog in paragrawe 5 tot 11.